PROVINCE OF WESTERN CAPE

CAPE TOWN INTERNATIONAL CONVENTION CENTRE COMPANY ACT, 2000

PROVINSIE WES-KAAP

WET OP DIE KAAPSTADSE INTERNASIONALE KONVENSIESENTRUM-MAATSKAPPY, 2000

No 8, 2000

ACT

To provide for the Province's shareholding in the Cape Town International Convention Centre Company, for the funding provided to the Company by the Province, and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the Provincial Parliament of the Province of the Western Cape as follows:—

CHAPTER 1

INTERPRETATION

Definitions

1. (1) In this Act, unless the context indicates otherwise—

(i) ''**accounting officer**'' means the Head of the Department of Economic Affairs, Agriculture and Tourism;

(ii) ''**Act**'' means the Cape Town International Convention Centre Company Act;

(iii) ''**budget**'' means an estimate of expected revenue and expenditure which contains particulars of the purpose for which the money is used;

(iv) ''**Centre**'' means the Cape Town International Convention Centre to be erected on the Foreshore in Cape Town as provided for in the Western Cape Gambling and Racing Board's granting of an operating licence to Sunwest;

(v) ''**Convenco**'' means the Cape Town International Convention Centre Company (Proprietary) Limited, a limited liability, private company with a share capital, as provided for in the shareholders agreement and the articles of association;

(vi) ''**Convenco agreement**'' means the agreement signed by the provincial government, the Cape Metropolitan Council, the City of Cape Town and Sunwest on 3 December 1999;

(vii) ''**Public Finance Management Act**'' means the Public Finance Management Act, 1999 (Act 1 of 1999), as amended by Act 29 of 1999 and any regulations, treasury instructions or directives issued in terms thereof;

(viii) ''**Province**'' means the Province of the Western Cape;

(ix) ''**provincial government**'' means the government of the Province;

(x) ''**provincial Minister of Finance**'' means the member of the provincial Cabinet responsible for financial matters;

(xi) ''**responsible Department**'' means the Department within the provincial government responsible for economic affairs;

(xii) ''**responsible Minister**'' means the member of the provincial Cabinet responsible for economic affairs, and

(xiii) ''**shareholders agreement**'' means the agreement signed on 8 June 1999 by the provincial government, the Cape Metropolitan Council and the City of Cape Town to provide for the establishment of Convenco, which may include any amendment or variation thereof.

(2) Reference to any statutory provision includes a reference to that provision as amended or re-enacted from time to time.

CHAPTER 2

PROVINCE AS SHAREHOLDER OF CONVENCO

Authorisation

2. The provincial government is hereby expressly authorised to become a shareholder in Convenco, and in so far as may be necessary for the better performance of Convenco's functions and duties, the provincial government must, subject to the provisions of this Act, be capable of performing any acts which a shareholder of Convenco may in law perform.

Objects of Convenco

3. (1) For the purposes of this Act, the objects of Convenco are—

(a) to establish and deliver a convention centre for Cape Town;

(b) to initiate and complete the process of construction and development of the convention centre;

(c) to ensure that an appropriate management and administrative structure and appropriate management and administrative systems are put in place to operate the convention centre;

(d) to ensure that appropriate policy guidelines and parameters are adopted to manage the convention centre;

(e) to ensure that the convention centre is marketed;

(f) to ensure that all necessary support infrastructure and services essential to the efficient running of the convention centre are in place, and

(g) to generate income.

(2) In pursuit of the objectives set out in subsection (1), Convenco must apply affirmative action principles with regard to procurement and appointments.

(3) The Province may only hold equity in Convenco in so far as Convenco performs the objects as set out in subsection (1).

Representation of Province on Board of Convenco

4. (1) The provincial Cabinet must appoint one or more persons, which may include the provincial Minister of Finance and the responsible Minister, as provincial representatives on the Board of Convenco.

(2) The provincial representatives appointed in terms of subsection (1) must be directors of Convenco, as provided for in the shareholders agreement.

CHAPTER 3

PROVINCIAL GOVERNMENT'S CONTRIBUTION TO CONVENCO

Funding and utilisation of funds

5. (1) For the purposes of the provincial government making a financial contribution to Convenco in terms of the Convenco agreement or purchasing equity in Convenco in terms of the shareholders agreement, the provincial Minister of Finance may only appropriate funds that have been authorised—

(a) as being part of an annual budget passed in terms of an appropriation act, or

(b) as being part of an additional budget passed in terms of an appropriation act.

(2) Subject to subsection (1) above, nothing prevents the provincial government from, at any time, making further contributions to or purchasing additional equity in Convenco.

CHAPTER 4

FINANCIAL CONTROL

Financial control

6. For the purposes of this Act, the accounting officer is responsible for the financial management of any funds appropriated by the provincial government for the benefit of

Convenco and must manage and account for all such funds in accordance with the Public Finance Management Act.

CHAPTER 5

GENERAL PROVISIONS

Dividends

7. In the event of any dividends being declared to the shareholders, being the Cape Metropolitan Council, the City of Cape Town, the provincial government and Sunwest, such dividend accruing to the provincial government shall be deemed to be income and must be paid into the Provincial Revenue Fund.

Reporting

8. The accounting officer must comply with the applicable accounting provisions as provided for in the Public Finance Management Act and must ensure that the annual report of Convenco is tabled in the provincial Parliament and submitted to the Auditor-General.

Retrospective operation

9. This Act must operate retrospectively as from the date of the signing of the shareholders agreement on 8 June 1999.

Short title and commencement

10. This Act is called the Cape Town International Convention Centre Company Act, 2000, and shall come into operation on a date fixed by the Premier by proclamation in the *Provincial Gazette*.

WET

Om voorsiening te maak vir die Provinsie se aandelebesit in die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-Maatskappy, vir die fondse wat deur die Provinsie aan die Maatskappy voorsien word, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

HOOFSTUK 1

UITLEG

Woordomskrywings

1. (1) In hierdie Wet, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken—

(i) ''**aandeelhouersooreenkoms**'' die ooreenkoms onderteken op 8 Junie 1999 deur die provinsiale regering, die Kaapse Metropolitaanse Raad en die Stad Kaapstad om voorsiening te maak vir die totstandkoming van Convenco, wat enige wysiging of verandering daarvan mag insluit;

(ii) ''**begroting**'' 'n beraming van verwagte inkomste en uitgawes wat besonderhede van die doel waarvoor die geld gebruik word, bevat;

(iii) ''**Convenco**'' die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-Maatskappy (Eiendoms) Beperk, 'n privaat maatskappy met beperkte aanspreeklikheid met 'n aandelekapitaal, soos voorsiening daarvoor gemaak word in die aandeelhouersooreenkoms en die statute van die maatskappy;

(iv) ''**Convenco-ooreenkoms**'' die ooreenkoms onderteken deur die provinsiale regering, die Kaapse Metropolitaanse Raad, die Stad Kaapstad en Sunwest op 3 Desember 1999;

(v) ''**provinsiale Minister van Finansies**'' die lid van die provinsiale Kabinet wat vir finansiële sake verantwoordelik is;

(vi) ''**provinsiale regering**'' die regering van die Provinsie;

(vii) ''**Provinsie**'' die Provinsie Wes-Kaap;

(viii) ''**rekenpligtige beampte**'' die Hoof van die Departement van Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme;

(ix) ''**Sentrum**'' die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum wat op die Strandgebied in Kaapstad opgerig gaan word, soos voorsiening gemaak word voor in die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne se toekenning van 'n bedryfslisensie aan Sunwest;

(x) ''**verantwoordelike Departement**'' die Departement binne die provinsiale Regering wat vir ekonomiese sake verantwoordelik is;

(xi) ''**verantwoordelike Minister**'' die lid van die provinsiale Kabinet wat vir ekonomiese sake verantwoordelik is;

(xii) ''**Wet**'' die Wet op die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-Maatskappy, en

(xiii) ''**Wet op Openbare Finansiële Bestuur**'' die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), soos gewysig deur Wet 29 van 1999, en enige regulasies, tesourie-instruksies of voorskrifte ingevolge daarvan uitgereik.

(2) 'n Verwysing na enige statutêre bepaling sluit 'n verwysing na daardie bepaling in, soos van tyd tot tyd gewysig of herverorden.

HOOFSTUK 2

PROVINSIE AS AANDEELHOUER VAN CONVENCO

Magtiging

2. Die provinsiale regering word hierby uitdruklik gemagtig om ’n aandeelhouer van Convenco te word, en vir sover dit vir die beter verrigting van Convenco se funksies en pligte nodig is, moet die provinsiale regering, behoudens die bepalings van hierdie Wet, oor die vermoë beskik om enige handelinge te verrig wat ’n aandeelhouer van Convenco regtens mag verrig.

Oogmerke van Convenco

3. (1) Vir die toepassing van hierdie Wet is die oogmerke van Convenco —

(a) om ’n konvensiesentrum vir Kaapstad in te stel en te lewer;

(b) om die proses van die oprigting en ontwikkeling van die konvensiesentrum te inisieer en te voltooi;

(c) om te verseker dat ’n toepaslike administratiewe en bestuurstruktuur en toepaslike administratiewe en bestuurstelsels in plek gestel word om die konvensiesentrum te bedryf;

(d) om te verseker dat toepaslike beleidsriglyne en -parameters aanvaar word om die konvensiesentrum te bestuur;

(e) om te verseker dat die konvensiesentrum bemark word;

(f) om te verseker dat al die nodige ondersteunende infrastruktuur en dienste wat noodsaaklik is vir die doeltreffende bestuur van die konvensiesentrum, in plek is, en

(g) om inkomste te genereer.

(2) In navolging van die oogmerke soos uiteengesit in subartikel (1), moet Convenco beginsels van regstellende aksie toepas ten opsigte van verkryging en aanstellings.

(3) Die Provinsie mag aandele in Convenco hou slegs vir sover Convenco die oogmerke soos in subartikel (1) uiteengesit, uitvoer.

Verteenwoordiging van Provinsie in Raad van Convenco

4. (1) Die provinsiale Kabinet moet een of meer persone, wat die provinsiale Minister van Finansies en die verantwoordelike Minister mag insluit, aanstel as provinsiale verteenwoordigers in die Raad van Convenco.

(2) Die provinsiale verteenwoordigers wat ingevolge subartikel (1) aangestel word, moet direkteure van Convenco wees, soos voorsiening gemaak word voor in die aandeelhouersooreenkoms.

HOOFSTUK 3

PROVINSIALE REGERING SE BYDRAE TOT CONVENCO

Befondsing en aanwending van fondse

5. (1) Vir die doel van die maak van’n finansiële bydrae tot Convenco deur die provinsiale regering ingevolge die Convenco-ooreenkoms of die opneem van aandele in Convenco ingevolge die aandeelhouersooreenkoms, mag die provinsiale Minister van Finansies slegs fondse bewillig wat gemagtig is—

(a) as deel van ’n jaarlikse begroting wat ingevolge ’n begrotingswet goedgekeur is, of

(b) as deel van ’n aanvullende begroting wat ingevolge ’n begrotingswet goedgekeur is.

(2) Behoudens subartikel (1) hierbo verhinder niks die provinsiale regering om te enige tyd verdere finansiële bydraes te maak of bykomende aandele in Convenco op te neem nie.

HOOFSTUK 4

FINANSIËLE BEHEER

Finansiële beheer

6. Vir die toepassing van hierdie Wet, is die rekenpligtige beampte verantwoordelik vir die finansiële bestuur van enige fondse wat deur die provinsiale regering tot voordeel van Convenco bewillig is en moet die rekenpligtige beampte al daardie fondse bestuur en daarvoor verantwoord ooreenkomstig die Wet op Openbare Finansiële Bestuur.

HOOFSTUK 5

ALGEMENE BEPALINGS

Dividende

7. Indien enige dividende aan die aandeelhouers verklaar word, te wete die Kaapse Metropolitaanse Raad, die Stad Kaapstad, die provinsiale regering en Sunwest, welke dividende die provinsiale regering toeval, sal geag word inkomste te wees en moet in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal word.

Verslaggewing

8. Die rekenpligtige beampte moet aan die toepaslike rekenpligtige bepalings voldoen soos vervat in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en moet verseker dat die jaarverslag van Convenco in die provinsiale Parlement ter tafel gelê word en aan die Ouditeur-generaal voorgelê word.

Terugwerkende krag

9. Hierdie Wet is terugwerkend van krag tot die datum waarop die aandeelhouersooreenkoms op 8 Junie 1999 onderteken is.

Kort titel en inwerkingtreding

10. Hierdie Wet heet die Wet op die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-Maatskappy, 2000, en tree in werking op ’n datum wat deur die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal word.